NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

10.02

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	**P.E. WES**
Titel van Projek:	**MAKHUA XIRIMA BYBELVERTALINGSPROJEK**

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	**G Olivier**
Posadres:	**Posbus 70695 The Bridge P.E 6032**
E-pos:	**gwolivier@gmail.com**
Faks:	**041 3641315**
Tel. (k):	**041 3641315**
Tel (h):	**041 3641315**
Selfoon:	**0829635412**

	10 Augustus 2016
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) Rud. van Tonder, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van PE-Wes, dat hierdie projek op 21/09/2016 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	21/09/2016
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Vir byna 8 jaar reeds is ons besig om die Ou Testament te vertaal in Makhua Xirima, 'n taal wat in Noord Mosambiek gepraat word. Die Nuwe Testament is deur die voorsteller van die projek vertaal en is ingewei in April 2007. Met die vertaling van die Ou Testament wil die projek uiteindelik die daarstel van 'n volledige Makhua Xirima Bybel realiseer. Saam daarmee is die strategie om 'n paar moedertaalsprekers in die proses op te lei om self tot op 'n vlak van eerste konsepvertaling te kan vertaal sodat daar "inheemse voortsetting" van vertaling kan plaasvind in terme van ander Christelike literatuur. Gepaardgaande hiermee geskied basiese Bybeluitleg vaardigheidsopleiding op 'n deurlopende basis vir die vertaalspan, wat 'n intrinsieke en onmisbare komponent vorm van kerkplantingsstrategieë binne die gegewe pionierswerk in Muapula, Noord Mosambiek. ***Ons is tans in die proses om 20 Ou Testament boeke in 'n toetsbundel te laat bind ten einde die kritieke sg. "village checking" te doen in Muapula en omgewing – 'n baie besonderse mylpaal inderdaad!!***

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die primêre fokus van hierdie projek is en bly die Makhua Xirima volk self. Die Makhua Xirima volk as geheel kan en sal DV hierby baat. Nie alleen kry hulle vir die eerste keer toegang tot die Waarheid van die Skrif in hulle moedertaal (waarvan 90% of meer net Makhua kan verstaan) nie; hulle kry daardeur ook waardevolle literatuur wat kan dien in die moedertaalonderrig wat regeringsbeleid is, maar gekortwiek word deur gebrek aan literatuur in inheemse tale. Gemeentes en ondersteuners kry die seën van om by so pioniers missionêre projek betrokke te wees.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Inisiëring + Genesis en Eksodus	2 jaar
Indiensopleiding en variasie van ander Bybelboeke interme van lengte en genre + eerste konsepvertaling voltooi	9 jaar
Deeglike proeflees en gemeenskapstoetse	2-3 jaar
Voorbereiding en druk	2jaar
**** Na sewe en 'n half jaar wil dit sover lyk asof ons teen die huidige pas min of meer op bogenoemde skedule is***	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
G Olivier	Swartkopsrivier
F van der Merwe	Muapula
Raimundo Luis	Muapula -Medevertaler

Domingos Manuel	Muapula – Medevertaler
Lodriques	Muapula – Eerste kontrolegroep
Bernardo	Muapula – Eerste kontrolegroep

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Skootrekenaar, tegniese boeke, sagteware en ander kantoortoerusting	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Drukwerk van 20 Ou Testament boeke in Makhua Shirima as toets kopie

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:
s

Bron	Bedrag
Die totale projek word ondersteun deur vrywillige bydraes van individue en gemeentes via deurkollektes, insamelings tydens Pinkster ens. Daar is slegs een vaste bydrae van 'n gemeente se sendingkommissie van ongeveer R3700 per maand terwyl ons as absolute minimum R30 000 per maand nodig het om voort te gaan.	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• DRUK KOSTE	37 000
• ontwikkelingskoste	**8 000**
• Makhua Christelike lektuur sentrum ontwikkeling	**11 000**

• Skryfbehoeftes	**1 000**
• ANDER (spesifiseer asb): hulp met salarisse van Vertaalhelpers en kontrolegroep	**20 000**
TOTAAL:	**77 000**

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	***Bogenoemde sluit nie Dr. Olivier se salaris of ander bedryfskostes in nie. Voel vry om ds. Giep Louw te nader indien u detailbegroting informasie wil hê. Tans opereer ons op ongeveer 65% van wat die begrootte ideaal is.***
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	**12 000** (veral vir drukwerk)

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
Bedrae wissel in terme van frekwensie – sommige jaarliks en ander maandeliks. Indien die projek goedgekeur word, sal **TWEE** uitbetalings van **R 6 000** elk teen Maart/April en Julie/Augustus onderskeidelik baie waardeer word.	

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Christelike Lektuur Maatskappy
FNB PE Newton Park tak
Tjekrekening: 53440110773
Takkode 261-050

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Matteus 7:12

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf

KORT OORSIG OOR VORDERING VAN MAKHUA BYBELVERTALING SEPTEMBER 2016

INLEIDEND

Graag lewer ek verslag oor die werksaamhede van die Makhua Shirima Projek die afgelope jaar sedert ongeveer Oktober 2015 tot op hede. Die projek vergestalt 'n lang pad van 6 tale, byna 8 jaar en tot dusver oor die 105 000 kilometers afgelê in die proses. Ek is opreg dankbaar en versterk as ek terugkyk en besef ons is alreeds meer as sewe en 'n half jaar aan die gang en kan deur die Here se genade van groot vordering getuig.

OORSIG VAN JAAR SE WERK

In die afgelope 11 maande het ek ongeveer 3000 verse vertaal tuis. By verre die grootste deel hiervan is gewy aan die Jeremia wat 'n baie lang boek in die Bybel is. Met my besoek aan Muapula in Mei vanjaar het ons Levitikus klaar gekontroleer en 'n hele ent gevorder met Jeremia. In totaal het ons die afgelope sewe en 'n half jaar **16 257 verse** individueel kon vertaal waarvan **14 931** gekontroleer is saam op Muapula tydens **15 besoeke**. Die **14 931 verse** verteenwoordig ongeveer **66%** van die Ou Testament. Om dit in perspektief te stel – 14 931 verse is **1.9 keer die volume van die Nuwe Testament**! In die gegewe tydperk is dit maksimaal en die gevaar is reël dat mens te vinnig kan gaan en met kwaliteit inboet.

MUAPULA EN PERSONEEL

Ons personeel/vertaalspan in Muapula bestaan uit twee vertalers, Raimundo en Domingos, wat saam met my werk volgens 'n vooropgestelde skedule aan die eerste "draft". Ek sien steeds elke keer as ek saam met hulle sit en werk hoe hulle groei en toepas wat ek vir hulle as Vertaalwetenskap deurgee in ons gesamentlike sessies. Benewens die twee vertalers is daar ook die eerste kontrole/luister groep – Lodriques en Bernardo. Ook hulle lewer getrou hulle bydra en speel 'n belangrike rol in die oorhoofse proses en kwaliteit van die vertaling. Die aanslae wat hierdie spannetjie beleef moet nie geringgeskat word nie en mens kan nie genoeg vir hulle bid en voorbidding vir hulle vra nie.

ONDERSTEUNING

Ons ondersteuning kom steeds meestal van verskeie individue wat maandelikse bydraes maak, sowel as 'n kerkraad wat via hulle sendingkommissies maandeliks bydra en ander gemeentes wat deur middel van deurkollektes bydraes maak. Ons is ook dankbaar vir die Ring van PE Wes wat via die sinode ongeveer R 6000 bygedra het in die afgelope jaar. Swartkopsrivier het die kollektes vir Pinkster vir CLM en die Makhua Vertaling bewillig. Ons maandelikse gemiddelde inkomste het egter afgeneem die afgelope jaar.

Die maandelikse inkomste is NIE genoeg om die maandelikse verpligtinge te dek nie en dus bly ons steeds afhanklik van eenmalige "bail-outs" wat ons elke keer weer uithelp. Ek is voordurend besig om die projek te bemark en bevorder hetsy by talle gemeentes waar ek optree of op 'n een-tot-een basis met individue. Die Here het ons tot hier gebring en ek sal optree waar ek kan en bemark waar ek kan. Saam met getroue bidders sal ons voor die Here se troon wees vir die werk.

TWINTIG OU TESTAMENT BOEKE

Dis met groot dankbaarheid dat ons die afgelope maand Proefkopieë van 20 Ou Testament boeke in Makhua kon laat druk om op te neem sodat dit daarbo in die praktyk deur plaaslike Makhuas getoets kan word. Hierdie is 'n tydige sigbare verwikkeling waar mense darem kan sien watter vordering gemaak word. Die kopieë is letterlik gister deur my opgetel. Ek gaan so die Here wil oor 10 dae (1 Oktober) weer op Muapula toe en sal van die kopieë saamvat sodat ons daar kan begin met die toetsfase van hierdie boeke.

VOORUITSKOUING

Dis met stil vertroue geskoei op die Here se trou tot op hede dat ons die oog rig op 2017. Die res van hierdie jaar en begin volgende jaar sal DV aan Spreuke en Numeri gewy word. Ek gaan soos hierbo genoem 1 Oktober weer op Muapula toe. Ek hoop om dan voort te gaan met die kontroleer van Jeremia en met Spreuke te begin.

Soos ek altyd sê: Bybelvertaling is 'n marathon, nie 'n 400 meter of selfs 5000 meter wedloop nie. Hier is geduld en stamina nodig. Hiervoor is ek voortdurend besig om begrip te vra, aangesien dit belangrik is dat mense wat saam met ons die pad stap sal besef dat dinge nie oornag gaan gebeur nie. Maar die eindproduk sal elkeen wat in die projek belê het deel maak van die geskiedenis van die Makhua volk vir die res van hulle bestaan op aarde.

Die Here se seën toegebid
Gerard Olivier
September 2016